

18 September 2014

Jaargang 7 – Uitgawe 31

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en werkrumtes
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad
- Aanhangsel



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

VOORBLAD

Ontkenning van sterflikheid

Egte worsteling om die gang en diepste betekenis van die lewe te verstaan, lei nie altyd tot pasklaar antwoorde nie. Dikwels bring dit jou vierkantig voor 'n geheimenis, en daaraan moet erkenning gegee word. Want geloof is onklaar voor die finale skou.

Geboorte is 'n vreugdevolle sekerheid ten opsigte van die mens se verwagtingswêreld. Die eindpunt van dié vreugdevolle sekerheid is die dood. So seker as wat ons is van ons geboorte, net so seker behoort ons van die dood te wees.

Maar daar kom min mense by uit – by die volledige verwagting en insluitende sekerheid van die dood. Die gebrek aan aanvaarding van die dood lê myns insiens in die Groot Onwetendheid. Van geboorte weet ons: Ons sien die verandering in die verwagte vrou se totale wese – geestelik en liggaamlik. Geboorte bring 'n mens voort, 'n lewende mens met 'n toekoms. Maar wat baar die dood? Daar is nie omkeer na die dood nie; niemand wat kan sê so was dit nie; op dié oomblik sal dit geskied nie. Die mens is eintlik ten opsigte van die dood soos 'n dier in die straal van 'n skietlamp. Die dood is die totale onwetendheid waarvoor die mens te staan kom.

Mooi beelde word aan ons voorgehou van 'n Goddelike ontmoeting met 'n Allergod wat in alles voorsien. Watter sekerheid lê daar vir ons opgesluit in hierdie belofte? Wie kan volkome opgaan in die belofte? Sekerlik net diegene wat bevoorreg is om met hulle ganse wese in hulle geloof in die oorspronklike God te glo. Sekerlik net diegene wat weet en glo dat hulle in hulle menslike bestaan voldoen het aan volledige geloof. Die twyfelaars, dié wat vrae vra, dié wat struikel, dié wat die weg nie volgens die goddelike wil kan volhou ooreenkomstig die aanwysing en verwagting van die preekstoel af nie – waar is hulle?

Eerliker en mensliker is dit dan tog maar om in 'n groot, onvoorwaardelike oplossing in die heelal te glo. Om nie uitvlug te soek in voorstellings van goue strate en jubelende engelgesang nie, maar sonder voorstelling alleen maar te vertrou dat God daar is en ons sal opvang waar ook al en tot watter eindbestemming ook al.

Margaret Bakkes, Gemeente Paarl

Margaret Bakkes se eerste kortverhaal is in 1954 in *Rooi Rose* gepubliseer en haar eerste bundel, *Die Verste Reis*, in 1966. Sy het meer as 30 boeke op haar kerfstok. Sy deel haar lewe al 60 jaar lank met haar man, dr Cas Bakkes. Hulle is tans lidmate van Gemeente Paarl.



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org
Die Hervormer www.hervormer.co.za
e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

BEROEPE EN WERKRUIMTES

Beroep ontvang

- **Prof PA (Piet) Geysler** (emeritus) na Meyerspark (deelytds)
- **Prof E (Ernest) van Eck** (dosent) na Rooihuiskraal (besondere opdrag)

Beroep aanvaar

- **Ds BJ (Barnie) van der Walt** (Bybelgenootskap) na Namib-Suid (besondere opdrag)
- **Prof E (Ernest) van Eck** (dosent) na Rooihuiskraal (besondere opdrag)

Vakante werkruimte

- **Gemeente Rustenburg Jac van Belkum** het 'n werkruimte vir **deelytdse bediening**. Jac van Belkum bestaan uit 166 belydende lidmate (218 dooplidmate). Die werkopdrag en vergoeding sal met elke aansoeker bepreek word. **Aansoeke sluit op 20 September 2014**. Vir meer inligting, skakel mev Hester Coetzee (skriba) by 083 324 9983 of ds Johnny Young (konsulent) by 083 730 0706.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na produksie@nhk.co.za. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- Op Sondag 14 September het **ds Dries Beukes** emeritaat aanvaar tydens 'n erediens in Gemeente Swartkop. Die geleentheid is deur baie van ds Beukes se kollegas en lidmate van sy vorige gemeentes bygewoon. Ds Beukes het die Salisbury-kombinasie bedien, asook gemeentes Johannesburg-Suid, Duncanville, Sonlandpark en Swartkop, en sal nou waarskynlik deur Swartkop beroep word vir voortgesette bediening.
- **KERKSPIEËL-OPNAME**. Hierdie opname vind elke vier jaar in die NG Kerk plaas. Dit is nou uitgebrei na ander kerke in Suid-Afrika en oorsee. Die Kommissie van die AKV het goedgekeur dat die NHKA ook nou daaraan kan deelneem. Die opname bestaan uit twee vraelyste: 'n **Gemeentevraelys** vra sensus en statistieke om 'n profiel van 'n gemeente en die Kerk daar te stel; hierdie vraelys is aan elke gemeente gestuur. 30 gemeentes word ewekansig geselekteer om 'n **erediensbywoningsvraelys** te voltooi. Deelnemende gemeentes deel dit na die erediens uit, en ontvang na afloop van die opname 'n volledige verslag wat perspektiewe en tendense uitwys waarop bediening gebaseer kan word. Hierdie vraelys kos tussen R2 000 en R2 500 per gemeente. Gemeentes wat nie ewekansig geselekteer is nie, kan vrywillig deelneem as hulle die koste betaal. Belangstellendes kan ds Japie Coetzee, projekteur vir die NHKA, kontak by japiectz@mweb.co.za.
- **Dr Gerhard Lindeque**, ondervoorsitter van die Kommissie van die AKV, het die Kommissievergadering van 4-5 September gelei terwyl dr Wim Dreyer in Nederland is met studieverlof. Hy gee in 'n **kort video** inligting oor belangrike sake wat die Kommissie bespreek het. **Dr André Ungerer**, wat deur die Kommissie aangestel is as die nuwe hoof van die HTK, sê ook kortliks in 'n video hoe hy die nuwe uitdaging sien. Die twee video's is op die Kerk se webblad opgeneem by <http://www.nhka.org/index.php/so-se-ons-11/video.html>.
- Die volgende **besluite is deur die Kommissie van die AKV** geneem tydens hul vergadering op 4 en 5 September:
 - o **Ds GSC (Skip) Scheepers** emeriteer op 31 Oktober 2014.



Prof Piet Geysler Prof Ernest van Eck



Ds Barnie van der Walt



Ds Dries en mev Elsamarie Beukes

- o **Ds GS (Gerrie) Botha** se aansoek om vervroegde emeritaat op 30 September 2014 is goedgekeur.
- o **Ds PM (Pieter) Smith** se aansoek om vervroegde emeritaat op 30 November 2014 is goedgekeur.
- o Die **NHSV** se versoek om die deurkollekte van die tweede Sondag in Februarie 2015 te gebruik vir die aanvulling van die NHSV Beurs- en Leningfonds word goedgekeur.
- o **Di AJ Hattingh en GF van Wyk** is as direkteure van die Kinderhuise verkies.
- o Die Kommissie het **oudl GS van Wyk** (Weltevreden) benoem om in die Raad van Finansies te dien in die plek van oudl CJ Nolte wat verhuis.
- o Die sinodale **begroting** vir 2015-2016 word tydens die Kommissievergadering op 4 Desember 2014 goedgekeur.

- Die Oktober 2014-uitgawes van **Konteks en Die Hervormer** is nou beskikbaar. Onthou dat die publikasies in die eerste plek as **toerusting** vir ons lidmate en gemeentes bedoel is. Daarom vra ons ook dat die **promosieskyfies** wat gewoonlik die laaste Donderdag van die maand saam met die *e-Hervormer* aan gemeentes gestuur word, voor eredienste saam met die gemeentelike advertensies vertoon word. Dankie aan die gemeentes wat die promosieskyfies gereeld vertoon en die kerklike publikasies ondersteun.

Lees in die nuwe uitgawe van **Konteks** van die wêreldrekord waarmee Gemeente Welgelegen-Pietersburg spog; maak nader kennis met ons kleurryke emerituspredikant ds Willie Roos; bewaar die NHKA Jaarorsig oor die opwindende gebeure en planne wat die afgelope jaar gestalte gekry het in ons Kerk; en oorweeg om vir u kind aansoek te doen vir 'n beurs of lening van die NHSV.

Die nuwe uitgawe van **Die Hervormer** fokus onder meer op twee kwessies wat Suid-Afrikaners deesdae moedeloos laat: grondhervorming en gebrekkige dienste. Daar is ook berigte oor die nuwe hoof van die HTK; een van ons predikante wat haar doktorsgraad behaal het; die afsterwe van 'n emeritusprofessor; die *Bybelse Dagboek* van 2015; en die samewerking met ander kerke ten opsigte van jeugbediening. Lees ook die interessante reisverhaal van een van ons predikante waarby 'n stewige skeut teologiese nadenke bygevoeg is.

Enkeluitgawes van die onderskeie publikasies kan bestel word van mev Susann van Zyl by sentik@nhk.co.za, tel 012 322 8885 x291 of faks 086 633 4054: *Konteks* teen R20 elk (posgeld uitgesluit) en *Die Hervormer* teen R15 elk (posgeld uitgesluit).



- Die **Sinodale Kerkkantoor** sal op **Vrydag 19 September gesluit wees** omdat die personeel Losliddag elders vier. As gevolg van die vergadering van die Kommissie van die AKV op 5 September is die viering uitgestel tot die 19de.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Sondag 21 September om 09:00: Gemeente Pretoria-Oos**
Inwyding en onthulling van laaste 8 loodglasvensters

Die gemeente is oor die afgelope 18 maande besig om die bestaande vensters van die kerkgebou met loodglasvensters te vervang. Uiteindelik sal die 16 vensters in totaal die 16 belangrikste momente in die Kerkjaar uitbeeld. (**Die grafika hierby** is drie ruite uit die Drie-eenheidvenster, wat deel is van die 8 vensters wat nou onthul word.) Die aangrypende ontwerpe is gedoen deur dr Wian Kloppers. Alle belangstellendes is welkom by die dank- en feesgeleentheid. Kom deel gerus met Woord en lied en musiek in ons vreugde.

Navrae aan mev Diana Henry by ptaos@nhk.co.za





Allegaartjie

Wie sou die ware swerwer wees? Die een wat reis, die een wat lees? (Koos du Plessis)

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 26 September, en word hartlik geluk gewens:**
 - Donderdag 18 September: Ds PJ (Peet) Kruger (emeritus)
 - Vrydag 19 September: Di AJ (Attie) Hattingh (Krugersdorp-Noord) en AJ (Kobus) Pienaar (Kruin)
 - Saterdag 20 September: Ds S (Suzelle) Lange (Newlands)
 - Maandag 22 September: Di ZC (Zet) Robberts (Heidelberg) en E (Errol) Sheppard (Vaalpark)
 - Dinsdag 23 September: Dr GJ (Gert) Malan (Mosselbaai) en ds DW (Wouter) Beukes (Springs-Noord)
 - Woensdag 24 September: Dr JM (Thinus) van Staden (Montana)
 - Vrydag 26 September: Ds MJ (Marna) van der Westhuizen (Oos-Moot)

'n Gedig

*Rooibekkie innie mieliesaad
hoe loop mens tussen goed en kwaad
die lekker vannie paradys
lank voor sy tyd was Adam grys
rooigeid vannie daeraad
ek korswil met jantataraat
raai bietjie wat ek met hom praat
die duisterheid van 'n gedig
maak goeiste weet die donker lig*

Boerneef (IW van der Merwe) (1897-1967)

(Uit: *Versamelde poësie 1977* – versorg deur LW Hiemstra)

Beplande vergaderings

- Donderdag 18 September: Redaksie van *Die Hervormer*
OSR Bestuursvergadering
- Dinsdag 23 September: OSR Kommunikasie
ADV Kommunikasie
- Donderdag 25 September: Komitee vir Herskrywing van Kerkorde
- Vrydag 26 September: Ons Tuis Ledevergadering
SP Engelbrecht-museum

Kursusse en toerusting

- **NHKA Predikante Aftreefonds: Aftreeseminaar**
Vrydag 26 September 10:00 tot 12:00
Dirk van der Hoffgebou, Pretoria
Vir lede wat tussen 3 jaar en 10 jaar vanaf aftrede is
Lede van die NHKA Personeelpensioenfonds ook welkom
Stuur e-pos aan Susan Moore by mannekrag@nhk.co.za as u gaan bywoon
- **Konferensie oor Gesins- en Jeugbediening & Bybelvasvra**
Vrydag 26 tot Sondag 28 September
Kwaggasrus-kampsterrein
Predikante, kerkraadslede, jeugmentors, ouers, jongmense en ander welkom



Koste: R380 per persoon (2 nagte, 3 dae) kamp-akkommodasie en 5 etes ingesluit

(chalets beskikbaar teen hoër tariewe)

Vir inligting en besprekings rakende konferensie, skakel dr Thinus van Staden (084 589 7035) of ds Marthinus van Staden (+267 7130 7197)

Vir inligting en besprekings rakende Bybelvasvra, skakel di Stephen de Beer (074 658 4630) of Marius Bacon (083 297 6135)

- **Voortgesette Teologiese Toerusting (VTT) in November 2014
Net op Dinsdag 4 November**

Tema: *Kerkwees in die tyd wat aangebreek het*

By Gemeente Pretoria-Oos, koste R200 per persoon

Kontak mev Betsie Brits by betsie.brits@up.ac.za / faks 012 420 4303) / tel 012 420 5393

Registrasiefooi verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito

Bank: ABSA

Naam van rekening: Kerkgeld vir Kerkwerk

Rekeningnommer: 020 149 752

Kode: 63 20 05

Verwysing: 2013K VTT gevolg deur naam van kursusganger

Predikante moet die dokument van dr Wim Dreyer – *Saam in diens: 'n Handleiding vir gemeentes wat in die voetspore van Jesus wil volg* – wat aan alle predikante gestuur is, vooraf bestudeer en saambring na die VTT. Die dokument kan aangevra word van mev Karen Breedt by karen@nhk.co.za.

Skryfwenke

Om te skryf, is om te werk, en moeite te doen; want die eerste neersit van gedagtes op papier is selde ook die eindproduk. Hierdie woorde kom uit die voorwoord tot *Skryfateljee: Gesprekke oor skryfwerk* (1992), saamgestel deur Dawie Steenberg en Hans du Plessis. Dit is 'n geredigeerde keur uit referate van die ATKV-skryfskool van die destydse PU vir CHO. Hier volg enkele gedagtes uit die skrywer Engela van Rooyen se referaat *Die verbetering en versorging van 'n manuskrip*.

Hoewel Van Rooyen se wenke veral vir skrywers van kortverhale bedoel is, geld baie daarvan ook die skryf van artikels en ander tekste, en behoort ons dit maar almal in gedagte te hou.

- Moet die teks tog nie vermoeiend filmies aanbied nie. Die meeste lesers weet hoe om 'n motor aan die gang te kry. Dis nie nodig om te sê dat die karakter inklim, met sy regterhand die sleutel draai, met sy regtervoet die petrolpedaal en met sy linkervoet die koppelaar... ensovoorts, nie. Laat iets aan die leser se intelligensie oor en spaar hom die verveling van karakters wat ly aan beweging.
- Die teks moenie morbied of neerdrakkend wees nie, maar ook nie naïef-lughartig nie. Tone wat krul van lekkerte, harte wat tamboer slaan, ensovoorts, kom eenvoudig nie die mas op nie. Dit geld ook talle ander clichés, soos *'n stroopsoet stemmetjie, vonkelende blou oë...* En vermy verkleinwoorde: *Hy sit sy hand onder haar kennetjie...*
- Waak teen heen en weer slinger tussen verlede tyd en teenwoordige tyd sonder dat daar enigsins van 'n terugflits sprake is. Byvoorbeeld: *Rustig sit hulle in die teater. Dit was 'n goeie film en hulle het dit geniet.*
- Perspektief kan 'n yslike slagat wees. Dit is 'n perspektiefbreuk as jy besig is om Anna se belewenisse vanuit haar eie perspektief mee te deel, en 'n sin soos hierdie volg: *Haar blou oë blits toe sy besluit dat dit nou genoeg is.* Skryf dan eerder: *Haar wange word warm toe sy besluit dat dit nou genoeg is.* Sy sou immers nie self kon sien en beleef hoe haar oë lyk nie, maar 'n ander persoon sou dit wel kon beleef. Flarde van een karakter se perspektief binne-in 'n ander s'n is 'n fout.
- Maak dubbel seker van jou feite. 'n Redaksielid raadpleeg sekerlik naslaanbronne, maar veral growwe flaters moet vermy word – soos om te sê dat die profeet na



Agab gekom het en ten opsigte van Nabot se wingerd vir hom gesê het: *Jy is die man!*

- Anglisismes is so ingeburger dat 'n mens hulle soms moeilik raaksien: al die pad; ná alles; albei van hulle; behalwe vir; hy maak dit nie; soveel so; as sulks... En die geliefde spelfoute: oppad; mansstem; huistoe... Daar is geen verskonings nie – jou woordeboeke, spelreëls, speltoetsers, ensovoorts, moet altyd byderhand wees.
- Lomp woordorde en onnodige herhaling is nog 'n struikelblok: *Sy saggte stewels maak nouliks 'n hoorbare geluid; hy laat sy linkerarm soos 'n slang wat pik, uitskiet; sy drie dae lange ongeskeerde baard; sy lê al lank wakker, want slaap is baie ver van haar af; die klein insidentjie...*
- Onthou maar: 'n Verhaal of tema of idee of intrige of karakterisering kóm nooit reg nie; jy wêrk dit reg. Slegs deur daaraan te werk en te skaaf en te verbeter, raak dit later aanvaarbaar en dalk selfs goed.
- Die boek Prediker is heelwat aandag werd ten opsigte van skrywersprobleme en -sindrome. Die Prediker was 'n skrywer wat in 'n stadium ook aan skrywersuitbranding gely het. Luister na die Prediker oor die konsep van *aanhouding* (Pred 11: 6): *Saai jou saad in die môre, gaan in die laatmiddag daarmee voort. Jy weet nie watter van die twee sal 'n oes lewer nie en of altwee ewe goed sal wees nie.*

Beskikbare behuising

- **Behuising vir bejaardes**

Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville

Enkel- en dubbelkamerinwoning vir bejaardes wat nog self versorgend is

Aangename huislike atmosfeer, 2 etes ingesluit by losies, billike tariewe

Gereelde sosiale programme

Vir meer inligting kontak mev Marie Hunter by 012 386 5310



Studente-akkommodasie
Universiteit Pretoria

Gemeubileerde kamers in private koshuis en kommunes beskikbaar vir studente
Naby Universiteit, sportgronde en inkopiesentrums
Vir Afrikaanse Christenseuns en -meisies

Vanaf R2 800

+27 12 362 1192 / +27 79 500 7500 / +27 71 659 6114

E-pos: admin@tukiestate.co.za / Info: www.tukiestate.co.za

Konserte en feeste

- **Gemeente Vaalpark: Wen kaartjies vir Afrikaans is groot!**

2 kaartjies vir **Saterdag 22 November** om 19:30

Vertoning by Moreletapark

R100 per inskrywing, **trekking Sondag 28 September**

Vir deelname/navrae kontak Amori by 079 661 0611

of Danie by 082 816 8453

Sportbyeenkomste

- **Vrydag 26 September: Gemeente Witfield: Gholfdag**

ERPM Gholfklub, Boksburg

Ondersteuners en borge uitgenooi

Eerste 10 spelers kry pryse



Daar is ook 'n prys vir die langste dryfhou op die 17de putjie en vir die naaste dryfhou op die 13de putjie
Die kompetisie is 'n 2-bal beter bal
R250 per speler en putjies kan geborg word teen R1 000
Kontak Fred Fourie by 082 454 8294 of Fred de Langen by 082 463 8823

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Fondsinsamelings**
 - Wen 'n skootrekenaar: Samsung Notebook NP270E5E
R10 per kaartjie
Kontak Tobie by 083 327 1500 / nhksasolsuid@gmail.com
 - Wen 'n versamelaarsmes
R50 per kaartjie
Navrae aan nhksasolsuid@gmail.com
 - Koop 'n motorfiets: Kawasaki ZZR 1100
Ongeveer 67 500 km, goeie toestand
R22 000 onderhandelbaar
Kontak Freddie by 083 436 1402

Basaars en markte

- **Vrydagaand 26 en Saterdag 27 September: Gemeente Bronkhorstspruit Lentefees** met braairestaurant, verskeidenheid stalletjies met heerlike eet- en drinkgoed
Vermaak vir die kinders
Navrae by 013 932 2929 / nhbhs@telkomsa.net
- **Saterdag 27 September: Gemeente Klerksdorp-Suid: Basaar**
By Goudkoppie op N12, Klerksdorp
Navrae aan ds Denise Schmidt by denise7zcj@gmail.com
- **Saterdag 4 Oktober: Gemeente Strand: Saamstaanfees**
Heerlike eetgoed, speletjies en baie meer
Koop 'n kaartjie teen R50 en wen
Koopbewys van R3 000 van 'n juwelierswinkel in Somerset-Wes of 'n wegbreeknaweek of -midweek
of 6 goeie bottels Kaapse wyn en nog 2 bottels en nog 1 bottel
Boekie het 10 kaartjies – ons pos dit dadelik vir u
en hou die teenblaadje gereed vir die trekking op 4 Oktober
Kontak Douw Steyn by 071 382 1900
of Susan Swanepoel by 083 446 0020

ANDER NUUS

Lesers kan **kort kommentaar** (uiters 100 woorde) stuur na produksie@nhk.co.za. Anonieme bydraes word nie gebruik nie, en die finale besluit oor plasing berus by die redakteur.

- **Dinsdag 23 September 16:00 vir 16:30**
Skemerkelk van dekaan van Fakulteit Teologie
Erkenning aan kollegas wat gedurende afgelope 3 jaar boeke gepubliseer het
Toekenning oor Onderrig en Leer in die Fakulteit
Lokaal: Ingenieurswese Uitstalruimte
Drag: Semi-formeel
RSVP teen 19 September by 012 420 6707
of Maleshoane.Mofokeng@up.ac.za
(Ingenieursgebou: Dit is die Ingenieurswese Uitstalruimte regs langs Steers. Vanaf die Boukunde-parkeerterrein, stap verby die Musaion, draai links by Burgundy's,

stap verby die Aula en Steers, en die uitstalruimte is direk voor. Van die studente sal daar wees om gaste te help.)

- **Woensdag 24 September (vakansiedag): Konferensie Gereformeerde Kerk Bet-EI: Sola Scriptura 2014**
God sê: Ouderlinge slegs mans
Tyd: 09:00 tot 15:00
Koste: R65 (worsbroodjies en filterkoffie ingesluit)
Plek: Gereformeerde Kerk Rietvallei
Bespreek deur www.itickets.co.za (volledige program daar beskikbaar)
- **Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA): Momentum 94.7 Fietswedren Sondag 16 November**
Registreer **voor 25 September**
en kry gunstige wegspringtyd én trap vir Bybels
Ondersteun die BSA met die aankoop van verskillende pakkette
Meer inligting by Johan Peyper 082 335 1722 / peyper@biblesociety.co.za
of Marina Stebbing 011 970 4010 / stebbing@biblesociety.co.za
- **Insig Vaardigheidsopleiding: Studente van 15 jaar tot baie oud**
Kursusse in sweistegniese, konstruksiestaalwerke, ketelmakery / verkoeling / haarkappery en skoonheid
Billike pryse, kampus in Naboomspruit op wildsplaas met verblyf
Volgende volwaardige kursus **22 September tot 31 Oktober**
Vakansie-kortkursusse ook vir skoliere
Navrae aan dr Tom Theunissen 082 291 7490 (sweis)
Mnr B Bosman 084 586 0500 (verkoeling)
Me L Ehrke 061 610 9814 (hare/skoonheid)

AGTERBLAD

Gebed vir die erediens

Here, U wat ons vandag hierheen gebring het,
open ons oë, ore, hart en gees
sodat ons ontvanklik sal wees vir u Woord,
sodat ons altyd iets nuuts sal vind in ons Skriflesing
en in vanoggend se Skriflesing in die besonder,
sodat ons daarin 'n lewende woord, 'n nuwe gees,
telkens hernude hoop en geestelike voedsel sal vind,
sodat die Heilige Gees ons sal help
om almal saam
in u rigting vorentoe te gaan.

(Jean-Pierre Pitteman
– uit Frans vertaal deur dr Wouter van Wyk)



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Die Universiteit van Pretoria se verbintenis tot kwaliteit maak ons een van die top navorsingsuniversiteite in die land en gee ons 'n mededingende voordeel in internasionale wetenskap- en tegnologie-ontwikkeling.

In die nastrewing van die ideale van uitnemendheid en diversiteit, word aansoeke vir die volgende pos ingewag.

'n Tydelike-deeltydse vakature het ontstaan in die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek vir 'n gelegitimeerde persoon van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) in ooreenstemming met 'n ooreenkoms tussen die NHKA en die Universiteit van Pretoria.

FAKULTEIT TEOLOGIE

DEPARTEMENT DOGMATIEK EN CHRISTELIKE ETIEK

LEKTOR/SENIOR LEKTOR

(TYDELIKE-DEELTYDSE POSISIE VIR 20 URE PER WEEK) (Verw. 21659)

Pligte: Die bekleër se primêre verantwoordelikhede sluit in (maar is nie beperk nie tot) die volgende:
• Onderrig op voor- en nagraadse vlak in die dissipline van Dogmatiek en Christelike Etiek • Uitvoer van navorsingspligte en take soos deur die Fakulteit Teologie bepaal • Betrokkenheid by die aktiwiteite van die Departement.

Minimum vereistes:

Lektor: • MDiv-graad (met spesialisering in Dogmatiek en Christelike Etiek) of 'n gelykstaande kwalifikasie (HOKR 8) • Ten minste een jaar ervaring van onderrig/onderrig aan 'n tersiêre instelling • Bewese belangstelling in die dissipline van Dogmatiek en Christelike Etiek (soos geïllustreer in die tema van spesialisering en ander publikasies) • Nagraadse studie in Dogmatiek en Christelike Etiek.

Senior Lektor: • PhD (Dogmatiek en Christelike Etiek) of gelykstaande kwalifikasie (HOKR 10) • Ten minste drie jaar ervaring van onderrig/betrokkenheid aan 'n tersiêre onderwysinstelling • Bewese navorsingsrekord van akademiese publikasies in Dogmatiek en Christelike Etiek • Nasionale erkenning as gevestigde akademikus • Suksesvolle toesighouding vir nagraadse studente op magistervlak.

Die jaarlikse vergoedingspakket vir hierdie pos sal in ooreenstemming met die suksesvolle kandidaat se vlak van aanstelling wees, volgens UP-beleid en -riglyne. Die vergoeding vir hierdie tydelike-deeltydse pos sluit nie medies- en voorsorgfondsbydrae in nie volgens UP-beleid.

Aansoekers word versoek om elektronies aansoek te doen met vermelding van die toepaslike verwysingsnommer.

Om aansoek te doen vir hierdie pos, heg asseblief aan: • 'n Omvattende CV • Gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies • Die name, e-pos- en telefoonbesonderhede van drie referente wat ons mag kontak
• Die name en kontakbesonderhede van eweknie-beoordelaars (akademie en navorsing) • Selfevaluering.

SLUITINGSDATUM: 22 September 2014.

Geen aansoek sal oorweeg word as dit na die sluitingsdatum ontvang word nie, of as dit nie ten minste aan die minimum posvereistes voldoen nie.

NAVRAE: Prof. J. Buitendag, tel. (012) 420-2322.

Indien daar nie teen **30 November 2014** met u in verbinding getree is nie, aanvaar asseblief dat u aansoek onsuksesvol was.



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

www.up.ac.za skakel: Careers@UP

Die Universiteit van Pretoria is verbind tot gelykheid, billike diensbetrekkinge en diversiteit. Alle kandidate wat voldoen aan die aanstellingsvereistes word uitgenooi om aansoek te doen. Ooreenkomstig die Gelyke Indiensnemingsplan van die Universiteit en die doelwitte en teikens wat daarin vervat is, mag voorkeur verleen word aan kandidate uit onderverteenwoordigde aangewese groepe, maar word nie tot sulke kandidate beperk nie. Die Universiteit van Pretoria behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos soos geadverteer te maak nie.